Aros
AKADEMIE REFORMATORIESE OPLEIDING EN STUDIES

Geloofsgrondslag

Drie Formuliere van Eenheid

Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies se grondslag is die Bybel soos in die Drie Formuliere van Eenheid bely, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.

Die Drie Formuliere van Eenheid is belydenisskrifte uit die 16de en 17de eeu wat die kern van die Christelike leer saamvat. Belydenisse en belydenisskrifte is eie aan die Christelike geloof, en die Skrif roep die kerk gesamentlik en elke gelowige afsonderlik om die klank van die Woord weer te gee in die weerklank van die belydenis.***[1]*** Lidmate van verskeie reformatoriese (gereformeerde) kerke wêreldwyd aanvaar en bely die inhoud van die Drie Formuliere van Eenheid uit die oortuiging dat dit in ooreenstemming is met die Woord van God. Soortgelyke belydenisskrifte, wat op die meeste punte met die Drie Formuliere van Eenheid ooreenstem, is die Westminster-konfessie en Westminster-kategismusse.

Daar word verwag dat elke lid, raadslid (direkteur) en personeellid van Aros 'n aktiewe lidmaat moet wees van 'n kerk wat die Drie Formuliere van Eenheid erken, handhaaf en daarin onderrig gee. As sodanig onderskryf hulle genoemde belydenisskrifte en onderneem om hul diens binne hierdie afspraak te verrig. Die genoemde belydenisskrifte rig die lewensbeskoulike inslag van onderrig en navorsing van Aros.

Van studente word verwag om kennis te neem van die Drie Formuliere van Eenheid en in te stem dat hulle op hierdie grondslag onderrig ontvang.

[1] Dit sluit die gedagte uit dat belydenisskrifte teen die aard van die geloof is. Elke persoon – ook elke Christen, ongeag sy/haar oortuiging – het 'n belydenis. In Matteus 10:32 en Romeine 10:9-10 is voorbeelde van kernbelydenisse.

Geloofsverklaring

Die volgende geloofsverklaring dien as uiteensetting van Aros se geloofsgrondslag vir die gerief van studente en vir almal wat by Aros betrokke is en in Aros se werksaamhede belangstel. Dit is hoofsaaklik 'n kort samevatting van die Drie Formuliere van Eenheid. Dit vervang in geen opsig die Drie Formuliere van Eenheid nie. In gevalle van twyfel, asook vir verwysings na die Bybel, kan die genoemde belydenisskrifte nagegaan word.

In nege punte word die hoofsaak van die gereformeerde leer uiteengesit, met besondere aandag aan dit was ons met betrekking tot die skepping en die mens glo, aangesien die werklikheids- en mensbeskouing sentraal in die beoefening van die wetenskap staan. Die uiteensetting is stellend en in die vorm van 'n geloofsverklaring ("Ons glo"). Die implikasies van die geloofsverklaring, veral ten opsigte van ander sienings, word in voetnote verduidelik.

God

Ons glo in God, ook genoem Here.***[2]*** Hy is ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is. As enige en enkelvoudige Wese bestaan Hy in drie persone: die Vader, die Seun en die Heilige Gees:***[3]***

- Ons glo in die ewige **Vader** van ons Here Jesus Christus wat alle dinge (genoem die kosmos of skepping) geskep het. Ons glo verder dat God die Vader alle dinge onderhou en daaroor regeer. Dit beteken dat niks sonder sy wil gebeur nie.***[4]***
- Ons glo in **Jesus Christus**, van ewigheid af die eniggebore Seun van God. Hy is deur die Heilige Gees verwek en uit die maagd Maria gebore, sodat Hy in sy middelaarswerk tussen God en die mens volkome God en volkome mens is.*[5]* Hy het gely, is gekruisig en is begrawe. Hy het liggaamlik uit die dood opgestaan en so die dood oorwin***[6]***. Hy het opgevaar na die hemel, waar Hy as Koning aan God se regterhand heers.
- Ons glo in die **Heilige Gees**. Hy is deur die Vader en die Seun gestuur, met wie Hy een in wese is.***[7]*** Ons glo dat Hy gestuur is om die heerlikheid van Christus te openbaar.

[2] Teenoor die gedagte dat die eienaam van God, JHWH (soms gespel as Jahwe), onvertaald gelaat moet word, volg ons die gebruik van verskeie Afrikaanse vertalings wat na Here (met hoofletters) verwys. Here (met hoof- en kleinletters) word ook as aanduiding vir God gebruik, sowel in die Ou as Nuwe Testament. In die Nuwe Testament is Here 'n vertaling van die Griekse woord kurios, wat soms spesifiek na die Here Jesus Christus verwys.
[3] Die werk van die Vader, Seun en Heilige Gees ten opsigte van ons verlossing word uitdruklik onder die opskrif "Verlossing" genoem.
[4] Dit sluit die gedagte uit van 'n onpersoonlike noodlot of voorsienigheid (fatalisme). Dit sluit ook die gedagte uit dat God nie direk by sy skepping betrokke is nie en net soms ingryp (deïsme) of dat God nie ten volle in beheer is nie ('n vorm van dualisme).
[5] Dit sluit die gedagte uit dat God net 'n skynliggaam in die vorm van Jesus Christus aangeneem (Dosetisme) het of dat Jesus net 'n besondere mens was of dat Hy God se eerste skepsel was (Arianisme). Sy bonatuurlike geboorte bevestig dat Hy waarlik God én waarlik mens is.
[6] Dit sluit die gedagte uit dat Jesus Christus se opstanding uit die dood bloot simbolies verklaar moet word.
[7] Dit sluit die gedagte uit dat die Heilige Gees net 'n krag van God is, of dat Hy, soos wat die Oosters-Ortodokse geloof leer, net deur die Vader gestuur is.

Die Heilige Skrif

Ons vestig ons geloof op dit wat God aan ons bekendmaak.***[8]*** Hy openbaar Homself deur sy skepping en die verloop van die geskiedenis. Hy openbaar Homself nog duideliker en meer volkome deur sy heilige en Goddelike Woord.

Ons glo dat die Bybel, ook die Heilige Skrif genoem, deur die Heilige Gees geïnspireer is. Dit is daarom die gesaghebbende en onfeilbare Woord van God.***[9]*** Die Heilige Skrif bestaan uit die 66 boeke van die Ou en Nuwe Testament.***[10]*** Hierdie boeke het die bewys in hulself dat hulle van God kom, en die Heilige Gees oortuig ons daarvan.***[11]***

Ons glo dat die Bybel die wil van God volkome bevat en voldoende lering gee oor alles wat die mens vir sy redding moet glo. Dit is die volmaakte maatstaf vir leer en lewe.***[12]*** Die kern en vervulling van die hele Skrif is Jesus Christus, die Woord wat mens geword het.

[8] Dit sluit die gedagte uit dat God 'n begrip is wat deur die mens uitgedink is of dat Hy vanself deur die mens geken kan word. Dit sluit ook die gedagte uit dat sake soos die skepping en verlossing deur die mens bedink kan word.
[9] Dit sluit die gedagte uit dat die Bybel die weergawe van mense se nadenke oor God is of boeke met menslike ideologieë bevat. Dit sluit ook die gedagte uit dat God se Woord bloot in die Bybel voorkom, dit wil sê dat net gedeeltes van die Bybel as God se gesaghebbende Woord beskou kan word.
[10] Ons erken slegs hierdie boeke as kanoniek (gesaghebbend) en nie as bykomende boeke wat sommige nie-reformatoriese groepe as Woord van God erken nie (sien NGB: art. 6).
[11] Dit sluit die gedagte uit dat die Bybel sy gesag aan kerklike vergaderings of aan allerlei logiese of argeologiese bewyse ontleen. Kerklike vergaderings kan wel erken (raaksien) en bevestig dat die Bybel God se Woord is.
[12] Dit sluit aan die een kant die gedagte uit dat die Bybel net 'n maatstaf vir die sogenaamde geestelike en die kerklike lewe is, dit wil sê dat dit geen maatstaf vir ons siening oor alledaagse sake en ons optrede is nie. Aan die ander kant sluit dit die gedagte uit dat daar vir elke saak 'n Bybelvers is. Die Bybel gee direkte uitsprake oor sekere sake, maar gee ook perspektiewe op ons ganse leer en lewe.

Die skepping

Ons glo dat God se skeppingswerk, asook die onderhouding en regering van die hele wêreld,***[13]*** voor ons oë soos 'n mooi boek is waarin alle skepsels, groot en klein, die letters vorm wat ons die onsigbare dinge van God, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, duidelik laat sien.***[14]***

Ons glo verder dat die mens weens sy sondige aard en geskape beperkings nie tot volle begrip van God en sy skeppingswerk kan kom nie. Daarby is die skepping self aan die verganklikheid onderworpe. Dit is daarom nodig dat ons erns maak met dit wat God in sy Woord aan ons duideliker en meer volkome bekendmaak.***[15]***

Hoewel ons nooit die werk van God van begin tot einde kan uitvind nie, glo ons sonder voorbehoud dat God alles wat bestaan uit niks geskep het deur die krag van sy Woord, dit wil sê deur sy Seun.***[16]*** Sy skeppingswerk behels ook wêrelde en bestaanswyses, klein en groot, waarvan ons geen begrip het nie, byvoorbeeld dat Hy die engele as sy boodskappers geskep het. Ons glo verder slegs God kan skep en onderhou***[17]*** en dat Hy alleen die reg het om menslike lewe te beëindig.***[18]***

Ons glo dat God alles volgens hul soorte en eie aard gemaak het, wat beteken dat Hy alles goed geskep het om bepaalde funksies te verrig en Hom so as Skepper te dien.***[19]*** Die skepping is bedoel om God se mag en heerlikheid te verkondig.

[13] Verwysing na die onderhouding en regering van die skepping sluit die gedagte uit dat God net die eerste oorsaak (Skepper) is, maar nie ook Onderhouer en Regeerder nie. Vergelyk ook nota 4 hier bo.
[14] Dit sluit die gedagte uit dat ons slegs op die Skrif moet let om die skepping te verstaan ('n vorm van biblisisme). Dit is belangrik dat elke gelowige, en in besonder onderwysers/dosente en navorsers, noukeurig let op God se werke-openbaring (openbaring in die skepping en onderhouding van alle dinge).
[15] Dit sluit die gedagte uit dat God se werke-openbaring en die Skrif-openbaring op een vlak staan. Die gelowige benader die skepping en die geskiedenis in die lig van God se Woord.
[16] Dit sluit die gedagte uit dat alles spontaan ontstaan het en vanself deur 'n evolusionêre proses ontwikkel, asook die gedagte dat God deel is van die skepping (panteïsme) of dat alles in God begrepe is (panenteïsme).
[17] Dit sluit die gedagte uit dat lewe spontaan ontstaan het of kan ontstaan.
[18] Dit sluit die gedagte uit dat die mens buiten in buitengewone omstandighede wat op grond van die Skrif geregverdig kan word, lewe mag beëindig. Die mens het geen reg op vrugafdrywing (aborsie) en genadedood (eutanasie) nie.
[19] Hoewel God die ryke verskeidenheid wat Hy geskep het op allerlei maniere verder ontplooi, beteken dit nie dat verskeidenheid spontaan ontwikkel het en steeds lukraak ontwikkel nie. Dit sluit die gedagte uit dat die lewe en alle dinge tot 'n enkelvoudige oervorm herlei kan word.

Die mens

Ons glo dat God die mens uit die stof van die aarde na sy beeld en gelykenis geskep het, volkome heilig met die vermoë om God vrywillig te dien. Ons glo dat God 'n diepe slaap oor Adam laat kom het en dat Eva, die vrou, uit 'n ribbebeen van Adam gevorm het. Daar het Hy ook die huwelik tussen man en vrou ingestel. Ons as mense is geskep sodat ons die Skepper reg sal ken, Hom van harte sal liefhê en saam met Hom in die ewige saligheid sal lewe om Hom te loof en te prys.***[20]***

Ons glo dat alle mense van 'n eerste mensepaar, Adam en Eva, afstam. Ons eerste voorouers, en per implikasie hul nageslag, het die opdrag ontvang om die aarde te vul, die skepping te versorg en daaroor te heers. Die skepping is aan die mens onderwerp om daardeur sy Skepper te dien.***[21]*** Wat God oor die eerste mensepaar aan ons openbaar, stel die beginselraamwerk oor die aard en doel van die huwelik as 'n lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou.***[22]***

Ons glo dat die hele mensdom weens Adam se ongehoorsaamheid in sonde geval het. Ons het in hom, die hoof van die menslike geslag, deel aan die skuld voor God, sodat ons almal reeds deel het aan die ewige dood toe ons verwek en gebore is.***[23]*** Alle mense staan daarom skuldig voor God en verdien God se ewige straf.***[24]***

Ons glo ook dat ons as mense met 'n sondige aard gebore word. Ons kry deel van hierdie gebrek van ons eerste voorouers saam met die skuld. Ons is glad nie in staat om iets goeds te doen nie en is tot alle kwaad geneig.***[25]*** Van nature het ons onsself lief en haat ons God en ons naaste. Ons verdorwenheid raak elke aspek van ons menswees en besmet ons werke, ons kultuur en selfs die geskape orde.***[26]*** Ons is dood deur ons misdade en sonde. Ons as mense het weens ons verdorwe aard 'n onvermoë om die goeie te kies en enige verlossing uit ons ellende aan te neem.***[27]***

Ons glo dat God in sy lankmoedigheid wel die kwaad teëhou sodat 'n geordende samelewing moontlik is. Selfs in hulle verdorwenheid behou mense 'n mate van kennis van God en 'n strewe na deug, dissipline en reg.***[28]*** Dit is egter nie genoegsaam om daardeur die ewige verderf om te keer en God se oordeel vry te spring nie.

[20] Dit sluit die gedagte uit dat die mens bloot 'n verhewe dier is. Die mens is met vermoëns geskep en staan as beeld van God in besondere verhouding tot God, wat hom van alle ander skepsels onderskei. Dit sluit ook die gedagte uit dat die mens ter wille van homself bestaan (humanisme).
[21] Dit sluit die gedagte uit dat die mens bloot die natuur moet laat soos dit ontvang is of dat God bedoel het dat die mens se werksaamhede net tot die tuin van Eden beperk sou bly. Die sogenaamde kultuuropdrag aan die mens sluit volhoubare en verantwoordelike ontwikkeling in. In die uitvoering van die kultuuropdrag is die mens rentmeester, want sy arbeid is bedoel om in diens van God te staan. Die uitbreiding van die menslike geslag is deel van die mens se kultuuropdrag.
[22] Die uitgangspunt dat die onderskeid en verhouding tussen die geslagte in God se skeppingswerk gegrond is, sluit die gedagte uit dat hierdie onderskeid en verhouding tussen die geslagte bloot kultuurbepaald is. Omdat die Skrif die onderskeid en verhouding tussen die geslagte op die skepping grond, is 'n komplementêre siening, eerder as 'n egalitêre siening van die verhouding tussen geslagte, veral in huwelik en kerk, oortuigend.
[23] Dit sluit die gedagte uit dat die boosheid in die mens bloot die gevolg van 'n slegte omgewing en voorbeeld is (Pelagianisme).
[24] Dit sluit die gedagte uit dat God die kwaad eenvoudig kan oorsien. In sy regverdigheid moet Hy die sonde straf.
[25] Dit sluit die gedagte uit dat elke mens inherent goed is en dat opvoeding bloot die goeie in ons na vore moetbring.
[26] Dit sluit die gedagte uit dat die sonde net individue aantas. Die samelewing is stukkend (gebroke). Die skepping is aan die nietigheid onderworpe en verlang daarna dat God alles nuut maak.
[27] Dit sluit die gedagte uit dat die mens ná die val en ongehoorsaamheid van ons eerste voorouers, 'n vrye wil het. Tensy ons deur God wedergebore word, wil ons nie en sal ons nie die verlossing in die geloof aanneem nie. Uit ons eie wil ons nie en sal ons nie ons "hart vir die Here gee" nie.
[28] Dit sluit die gedagte uit dat Christene hulle van die samelewing moet isoleer of dat Christene niks by ongelowiges kan leer nie. Daar is soms goedheid en wysheid by die mense van hierdie wêreld wat God se kinders beskaam.

Verlossing

Ons glo dat God Drie-Enig besluit het om 'n sekere aantal mense uit die hele menslike geslag uit te kies en aan hulle die ewige lewe te gee ten spyte daarvan dat hulle dood is deur hul misdade en sonde. Hierdie besluit het God voor die grondlegging van die wêreld geneem, bloot omdat Hy dit in sy genade, barmhartigheid en liefde goedgedink het, tot lof van sy heerlikheid.***[29]***

Ons glo dat God die waarheid oor die redding, ook die evangelie of goeie boodskap genoem, algaande al hoe duideliker bekend gemaak het – reeds aan ons eerste voorouers, deur die verkondiging van die aartsvaders en profete en deur offers en ander seremonies van die Ou Verbond – totdat Hy dit ten volle in Christus bekend gemaak het.***[30]***

Ons glo dat God Drie-Enig aktief by ons redding betrokke is:

- So lief het **God die Vader** die wêreld gehad dat Hy sy Seun, Jesus Christus, gestuur het sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. Ter wille van sy ewige natuurlike Seun word ons as sy kinders aangeneem.
- So lief het **Jesus Christus** dié wat die Vader aan Hom gegee het, dat Hy as sondelose Lam van God vir hulle gely het en tot volkome versoening vir al hulle sondes gekruisig is en dat Hy nie een van die uitverkorenes verlore al laat gaan nie.***[31]*** So was Hy as ons enigste Hoëpriester tegelyk offeraar en offer. Hy het daardeur die offers en seremonies van die Wet vervul.***[32]*** Hy tree steeds as Hoëpriester op deur vir ons by die Vader op grond van sy eenmalige offer in te tree. As ons hoogste Profeet en Leraar maak Hy deur die lewende verkondiging van die Woord aan ons die pad van verlossing ten volle bekend.***[33]*** As ons ewige Koning leer en lei Hy ons deur sy Woord en Gees.***[34]***

- So lief het die Heilige Gees die uitverkorenes, dat Hy die saad van die Woord laat ontkiem in hulle wat tot die ewige lewe bestem is.***[35]*** Hy wek ons op uit ons sondedood sodat ons die verlossing aangryp***[36].*** Hy woon in ons***[37]*** en vernuwe ons na die beeld van Christus.

[29] Dit sluit die gedagte uit dat ons op grond van ons goeie dade gered word of dat God vooruitgesien het dat ons sal glo. God se ewige raadsbesluit is die fontein waaruit wedergeboorte, geloof, bekering en die ewige lewe voortvloei.
[30] Dit sluit die gedagte uit dat daar verskillende bedelings (dispensasies) is, elkeen met sy eie manier van redding. Gelowiges van die Ou en Nuwe Verbond (Testament) word almal slegs deur Christus gered. Daar is slegs één reddingsplan en één evangelie, maar met verskillende bedienings daarvan.
[31] Dit sluit die gedagte uit dat ons sondes op 'n ander wyse gedra kan word, ons skuld deur 'n ander persoon betaal kan word en dat die eenmalige offer van Christus deur seremonies herhaal moet word.
[32] Dit sluit aan die een kant die gedagte uit dat gelowiges steeds Ou-Testamentiese gebruike wat na Christus heengewys het en in Hom vervul is, moet onderhou, soos onder andere die Hebrew Roots Movement leer. Aan die ander kant sluit dit die gedagte uit dat die Ou Verbond (Testament) uitgedien is. Die Ou Verbond getuig reeds van God se reddingsdade in Christus en leer ons om in alle eerbaarheid, tot eer van God en volgens sy wil, te lewe.
[33] Dit sluit die gedagte uit dat God ná die menswording van Christus bykomende openbarings gee oor ons verlossing, bv. verdere openbarings deur profete of apostels. Dit sluit ook die gedagte uit dat Christus bloot goeie sedes gepreek het en nie in die eerste plek die boodskap van verlossing gebring het nie.
[34] Dit sluit die gedagte uit dat die evangelie by die kruisdood van Christus stop. Die evangelie betuig ook dat dié wat in Christus is saam met Hom tot 'n nuwe lewe van gehoorsaamheid opstaan – nou reeds in beginsel, maar eendag volkome in die hiernamaals.
[35] Dit sluit die gedagte uit dat die Gees deur allerlei openbaringe los van en selfs téénoor die Woord werk. Die Gees werk deur die Woord.
[36] Dit sluit die gedagte uit dat God afhanklik is van die keuse van die individu vir of teen die ewige lewe. Hy bewerk deur sy Gees die wedergeboorte, geloof en bekering. God staan nie magteloos en wag dat ons die deur van ons hart vir Hom oopmaak nie.
[37] Dit sluit die gedagte uit dat die Heilige Gees net in sommige gelowiges woon en dat die Gees 'n sogenaamde "second blessing" vir sekere toegewyde gelowiges is. Die Gees is uitgestort om ewig in die kerk en in elke gelowige te woon en werk, hoewel ons die Gees deur ons optrede kan bedroef en uitblus, en daarom kan ons opgeroep word om met die Gees vervul te word.

Die kerk

Ons glo dat die Kerk 'n heilige vergadering is uit elke nasie, stam, volk en taal, bestaande uit almal wat waarlik in Christus glo.***[38]*** Die Kerk (ook genoem God se verbondsvolk) bestaan van die begin van die wêreld af en sal tot die einde daar wees.***[39]*** Die Kerk is die pilaar en fondament van die waarheid.

Hoewel die algemene Kerk nie tot 'n bepaalde plek beperk is nie, glo ons dat dit tot uitdrukking kom in die gemeenskap van die heiliges. In die plaaslike kerk (gemeente) het gelowiges saam en afsonderlik as lede van Christus aan Hom en al sy skatte deel.

Ons glo dat God wil hê dat ons, veral op die rusdag, ywerig met die gemeente van God moet saamkom om die Woord van God te hoor, die sakramente te gebruik, Hom openlik aan te roep en Christelike liefdegawes te gee.***[40]*** Verder is ons daartoe verplig om ons gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend.***[41]***

Ons glo dat elke gelowige verplig is om by die ware kerk aan te sluit waar hierdie kerk ook al voorkom.***[42]*** Die kenmerke van die ware kerk is dat die genademiddele (Woord en sakramente) onvervals bedien word en dat daar die nodige aansporing, waarskuwing en tug is wanneer lidmate in leer of lewe afwyk.***[43]***

Ons glo verder dat Christus die enigste hoof van die kerk is***[44]*** en dat die kerk volgens die geestelike bestuurswyse wat God ons in sy Woord leer, regeer en bedien moet word,***[45]*** waarin die amp van ouderling sentraal staan.***[46]***

[38] Dit sluit die gedagte uit dat die redding net vir mense bestem is wat geneties van die volk Israel afstam, soos wat onder andere die Israel-visie en Brits-Israelisme leer.
[39] Dit sluit die gedagte uit van 'n sogenaamde "Kerkbedeling", waarvolgens Christus se kerk eers met die uitstorting van die Heilige Gees tot stand gekom het. Gelowiges van die Ou Verbond, insluitend die aartsvaders en die volk Israel, was Kerk, terwyl die Kerk van Christus van die Nuwe Verbond ook God se (verbonds)volk is. Dit sluit ook die gedagte uit dat daar 'n tyd sal wees wat die Kerk nie sal bestaan nie, omdat gelowiges dan na God toe weggeruk sal word (die sogenaamde Wegraping).
[40] Dit sluit die gedagte uit van sporadiese deelname aan die gemeentelike samekomste weens laksheid of ons deelname aan allerlei ander aktiwiteite op Sondae.

[41] Dit sluit die gedagte uit dat ons deelname aan die gemeente slegs tot die bywoning van eredienste beperk is.
[42] Dit sluit die gedagte uit dat jy jou in selftevredenheid afsydig van die kerk kan hou deur jou godsdiens privaat te beoefen en Sondae sonder 'n geldige rede oor die radio of televisie op allerlei eredienste in te skakel.
[43] Dit sluit die gedagte uit dat 'n ware gelowige kan voortgaan met lidmaatskap aan 'n kerk wat dwaalleer verkondig of 'n aanstootlike lewenswyse in eie geledere stilswyend toelaat. Jy moet jou voeg by die kerk wat die kenmerke van die ware kerk vertoon.
[44] Dit sluit die gedagte uit dat 'n predikant of pastoor hoof van 'n gemeente is, of dat 'n moderator of pous die hoof van 'n groep kerke kan wees. Christus is die Hoof; die kerk is sy liggaam.
[45] Dit sluit die gedagte uit dat die kerk soos 'n vereniging georganiseer word of onder 'n eksterne menslike gesag soos die staatsowerheid staan.
[46] Dit sluit die gedagte uit dat spesiale ampte soos apostels of profete, waardeur Christus sy Kerk gevestig het, steeds geld. In die gereformeerde en presbiteriaanse kerke word die regering van die kerk aan die ouderlinge toevertrou, wat saam met die Woordbedienaar (predikant/dominee) die kerkraad vorm. Daar bestaan ook die amp van diaken, met 'n besondere klem op liefdesdiens en versorging.

Genademiddele

Ons glo dat God se uitverkiesende genade nie ons menslike verantwoordelikheid wegneem nie. God laat die goeie boodskap van verlossing in alle erns in die wêreld verkondig met die oproep om Jesus Christus as enigste Verlosser in die geloof te omhels.***[47]***

Ons glo dat gelowiges ywerig moet voortgaan om die middele te gebruik waardeur God geloof bewerk en versterk, selfs en juis in tye wat hulle voel dat hul geloof begin wankel. Die Heilige Gees bewerk én versterk ons geloof deur die verkondiging van die evangelie en versterk dit verder deur die gebruik van die sakramente.

Ons glo dat Christus twee sakramente ingestel het, naamlik die heilige doop en heilige nagmaal, om ons die belofte van die evangelie beter te laat verstaan.***[48]*** Hierdie sakramente word ook verbondstekens genoem.
Ons glo dat die heilige doop die werk van God Drie-Enig deur water afbeeld en verseël, waaronder die afwassing van die sondes, en dat dit soos die besnydenis ook aan verbondskinders bedien moet word.***[49]***

Ons glo dat die heilige nagmaal Christus se werk deur brood en wyn afbeeld en verseël en dat dit bedoel is vir belydende Christene wat die liggaam van die Here Jesus daarin onderskei en wat goeie getuienis van hul leer en lewe het.***[50]***

[47] Dit sluit die gedagte uit dat daar eers bepaal moet word wie uitverkies is of nie voordat ons die evangelie aan die wêreld verkondig en mense tot geloof en bekering oproep. Elke gelowige het 'n roeping om die evangelie uit te dra.
[48] Dit sluit die gedagte uit dat die sakramente ons eie geloofskeuse bevestig, soos by die sogenaamde bekeringsdoop. Dit sluit ook die gedagte uit dat deelname aan 'n sakrament outomaties genade in jou instort, byvoorbeeld dat die doop jou salig maak of dat die nagmaal jou voed, ongeag of jy God se beloftes glo of nie.
[49] Dit sluit die gedagte uit dat die doop slegs aan groot kinders of volwassenes bedien moet word om daardeur hulle geloof te bevestig. Die doop het in die plek van die besnydenis gekom.
[50] Dit sluit, spesifiek met verwysing na 1 Korintiërs 11, die gedagte uit dat kinders aan die Nagmaal (die sogenaamde Kindernagmaal) kan deelneem, ook die gedagte van 'n sogenaamde oop Nagmaal waar almal teenwoordig op eie verantwoordelikheid genooi word om deel te neem.

Roeping en koninkryk

Ons glo dat elkeen wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is vrugte van dankbaarheid sal voortbring. Die Heilige Gees vernuwe en buig ons wil om sodat ons die goeie wil doen en vrugte dra wat by die bekering pas.
Ons glo dat God se sedewet, soos in die Tien Gebooie verwoord, die kern vorm van die nuwe gehoorsaamheid wat Hy in ons bewerk en van ons eis.***[51]***

Ons glo dat die Heilige Gees die belangrikste deel van ons dankbaarheidslewe bewerk, naamlik gebed en smeking met danksegging. Hy leer ons hoe en wat om te bid en tree vir ons in met versugtinge wat nie verwoord kan word nie.

Ons glo dat die sin van ons bestaan is om God deur ons lewe en werk te verheerlik. As burgers van sy hemelse koninkryk roep Hy ons tot diens en rus Hy ons toe, waar Hy ons ook al plaas.***[52]***

Ons glo dat God ons dienswerk heilig en gebruik, al bly daar nog soveel van die ou, sondige mens teen ons wil in ons oor, en al word hierdie dienswerk in swakheid gedoen. God wil ons goeie dade uit genade in hierdie en die toekomstige lewe beloon.***[53]***

[51] Dit sluit die gedagte uit dat God se wet nie meer vir ons as Nuwe-Testamentiese gelowiges geld nie.
[52] Dit sluit die gedagte uit dat net sommige Christene in diens van God en sy koninkryk staan, byvoorbeeld sendelinge en predikante.
[53] Dit sluit die gedagte uit dat ons goeie dade iets by God kan verdien, hetsy in hierdie of die toekomstige lewe. Anders as wat die voorspoedteologie beweer, kan ons God nie met ons dade omkoop nie. God hoef ons nie te beloon nie, want Hy bewerk die dade in ons. Buitendien bly ons beste dade in hierdie lewe onvolmaak.

Voleinding

Ons glo dat ons Here Jesus Christus op 'n tyd wat die Vader bepaal en wat vir ons onbekend is,***[54]*** met groot heerlikheid en majesteit, liggaamlik en sigbaar, uit die hemel sal kom.***[55]*** Alle mense wat reeds gesterf het, sal uit die dood opstaan.***[56]***

Ons glo dat almal, dié wat nog lewe en dié wat uit die dood opgestaan het, voor Christus, die groot Regter sal verskyn. Dié wat nie in Christus bevind word nie en wie se naam nie in die boek van die lewe opgeteken is nie, sal aan die ewige vuur oorgegee word.**[57]** Die uitverkorenes, naamlik dié wat in Christus bevind word, sal nie in die oordeel kom nie. Hulle verlossing sal voltooi word. Hulle sal in God se besondere teenwoordigheid op die nuwe aarde onder 'n nuwe hemel voortlewe – verheerlik, onverganklik, sonder pyn en smart, en sonder die smet van sonde.***[58]*** Sodoende word die oorspronklike doel met ons skepping bereik, naamlik dat ons ons Skepper ken, Hom van harte liefhet en saam met Hom in die ewige saligheid lewe waar ons Hom ewig sal loof en sal prys.

[54] Dit sluit die gedagte uit dat ons die tyd van Christus se wederkoms vooraf kan bepaal.
[55] Dit sluit die gedagte uit dat Christus se wederkoms (terugkoms) bloot geestelik en ongemerk sal wees.
[56] Dit sluit die gedagte uit dat Christus meer as een maal terug sal kom, byvoorbeeld eers om die gelowiges uit die wêreld weg te neem (die sogenaamde wegraping) en later om die wêreld te oordeel. Sonder 'n meervoudige wederkoms is daar ook nie 'n 1 000-jarige vrederyk ('n millennium) in die vooruitsig nie. Die gereformeerde belydenisskrifte is wesentlik a-millenialisties.
[57] Dit sluit die gedagte uit dat alle mense uiteindelik tog gered sal word of dat die goddelose bloot sal ophou bestaan.
[58] Dit sluit die gedagte uit dat die uitverkorenes se bestemming 'n sielsbestaan in die hemel is, sonder dat daar werklik 'n opstanding en verheerliking van die liggaam is.